2**6 September** **Skrifgedeelte: Jesaja 53:1-12**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 21**

## Deur Jesus se wonde genesing

Dit is niks snaaks as ’n seerplek gesond word of dat ’n pil help vir ’n hoofpyn nie. Of is dit? Die geldende reël is mos dat alles verweer, verroes, verdroog, verrot, verrimpel en verpoeier. Die skepping is “aan verydeling onderworpe” en verslaaf “aan die verganklikheid”, sê Paulus (Rom 8:20-21). Genesing en herstel is in hierdie konteks eintlik ’n teenstrydigheid!

Tog IS daar genesing! Ons mag nooit hieraan gewoond raak nie. Alle genesing is wondergenesing, maak nie saak watter middel God daarvoor gebruik nie. Hier op aarde is daar geen genade wat nie genade deur Jesus Christus is nie. Alle genesing berus op die versoening wat Christus deur sy lyding aan die kruis bewerk het. Daar is geen genesing wat nie genesing deur die wonde van Christus is nie.

Jesus het alle siektes en gebrokenheid gedra en oorwin (vers 4). Dit beteken dat Hy siek was met elke siekte, operasie, kwaal, afwyking en gebrek wat in ’n menslike liggaam moontlik is. Hy was inderdaad “’n man van smarte en bekend met krankheid” (vers 3 – OAV). Gelowiges wat nou nog siek word se siekte is dus nie meer ’n straf van God nie, dit is wel ’n uitnodiging om saam met Christus die kruis te dra, om sy oorwinning hier op aarde sigbaar te maak, deur herstel of selfs deur die dood heen.

Aptekers verkoop dus nie maar net pleisters en pille nie; maar ook hulle is eintlik bedienaars van die menigvuldige genade van God!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~